Sondag 16 Okt. 2022 - Marcel Floor

## Liturgie:
Votum & Seëngroet
Ps. 33-1:1, 5 & 6
Geloofsbelydenis SB 12-3:1-2 sing
1 Kor. 13:1-7
Hoe lyk my liefde?
Lied 530:1-3
Gebed
Lied 205:1-3
Skriflesing: Fil. 3:1-11 (83 AV)
Kernverse: Fil. 3:7-9 (83 AV)
Tema: Om Jesus regtig te ken is my grootste rykdom
Preek
Gebed
Lied 219:1-2 (Melodie – Wat 'n vriend het ons in Jesus)
Wegstuurseën
Sing Amen
Afkondigings

## Preekskets:
**Tema: Om Jesus regtig te ken is my grootste rykdom**
**<u>Inleiding</u>**
**<u>A.</u>**

1. Paulus waarsku: "*Pas op vir daardie dwaalleraars; pas op vir daardie mense wat kwaad stig; pas op vir daardie betekenislose besnydenis!" (v. 2)*
    a. Wat het hierdie dwaalleraars geleer? (v. 2)
2. Uiterlike dinge waarop Paulus sou kon vertrou. (v. 4-6)
3. Uiterlike dinge waarop mense vandag vertrou.
4. As jy nog op uiterlike dinge vertrou vir jou verlossing het jy 'n probleem!
    a. Hoekom?
5. Daarom beklemtoon Paulus dat die uiterlike besnydenis (wat die dwaalleraars daarvan maak) betekenisloos is. (v. 2)
6. Wat alleen kan ons red? (v. 9)
    a. Jesus alleen.
    b. Genade alleen.
    c. Deur die geloof alleen.
    d. Wedergeboorte.
7. As mens regtig besef dat Jesus alleen jou kan red, deur 'n ware geloof alleen, dan word Hy jou grootste bate / rykdom! (v. 8)
    a. Is Jesus ook die grootste rykdom en die grootste bate in jóú lewe?
8. Ter wille van Jesus as sy grootste bate het Paulus alles prysgegee. (v. 9)
    a. Is jy ook bereid om vir Jesus prys te gee?
9. Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind... selfs al moet ons in sy lyding deel. (v. 10)
    a. Hoe ondervind mens Jesus se opstandingskrag reeds nou al in jou lewe?